

30 April

Markus 16:1-8 (16:6)

Blydskap oor ons nuwe lewe bring dankbare gehoorsaamheid

Ons soek maar baie keer ons vreugde in die lewe in aardse dinge. As ek nie in my beroep bevorder word en 'n hoër salaris verdien nie, is ek ongelukkig. As ek ook nie finansieel bybly deur gereeld nuwer dinge aan te skaf nie, raak ek mismoedig. Hierdie gedeelte van Jesus se opstanding bring juis vandag 'n ou waarheid opnuut na vore. Dit gaan oor die wonder dat God vir ons die versperrings in die pad na Hom toe verwyder het deur Jesus se opstanding. Ons moet dit onvoorwaardelik glo, dan sal die Heilige Gees ons opwek tot 'n nuwe blydskap en gehoorsaamheid. Markus beskryf die gebeure by die graf in fyn besonderhede. Die jong man, eintlik God self in die gedaante van 'n engel, staan nie voor die graf, asof hy dit steeds streng bewaak soos die engel voor Eden se ingang nie. Hy staan aan die regterkant, langs die graf, om ons vrye toegang tot Jesus te beklemtoon. Hy stel eers die vroue gerus: "Moenie skrik nie". Wees bly! Sy opstanding het ook ons opstanding uit die dood bewerk. Hy het die pad na God toe vir ons geplavei deur die stene van ons sonde op te breek en dit te vervang met die stene van sy gehoorsaamheid. Bloedbedekte stene waarop ons nou kan loop. Hierin vind ons lewensvreugde.

Nie net in ons aardse besittings wat in elk geval vergaan nie. Die verdere opdrag vanuit die teks beantwoord die vraag: Hoe loop ek op die bloedpad na God toe? Soekend. Deurdat ons Jesus soek. "Julle soek Jesus..." Die vroue het Hom gaan soek. Daarom gee die boodskap ons weer krag om in die gekruisigde en die opgestane Here te glo en Hom te soek. Nie net Sondae in die kerk nie, maar elke dag en oomblik van jou lewe. Ja, ons soek Hom as die lig, waarheid en die lewe. Die wat Hom soek, sal Hom vind. Doen dit sodat jy Hom ook elke dag kan volg.

Sing: Psalm 9:1, 7

Ds. L.J. Buys (Rustenburg-Wes)